

SOMERHEKELPRET



1 Pure guipure

BENODIGDHEDE: 350 g Fiesta Export Summerlite (250-g-keëls); hekelpen van 1,75 mm. **Let Wel:** Koop al die garing gelyktydig, want kleurbaddens verskil soms. Die hoeveelheid garing is bereken volgens die gemiddelde grootte.

MATE: Om borsmaat van 86-91 cm te pas; lengte tot onder arm 37 cm; lengte tot skouer 61 cm; moumaat 13 cm.

SPANNING: Een motief is 6 x 6 cm, en word met garing dubbel gehekel. Gebruik dikker of dunner hekelpen, indien nodig, om regte spanning te verkry.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; gs - glipsteek; ls(e) - lus (lusse); sp(s) - spasie (spasies); st(e) - steek (steke); herh - herhaal; vlg - volgende; RK - regte kant.

Let Wel: Garing word deurgaans dubbel gebruik.

MOTIEF (Hekel 104): Middelstuk: Begin met 22ks, 1lb in 6e ks vanaf hekelpen, (1ks, slaan 1ks oor, 1lb in vlg ks) 8 keer — 9 sps. **2e ry:** 4ks, 1lb in vlg lb, (1ks, 1lb in vlg lb) 8 keer.

Herh 2e ry nog 5 keer, maar moenie die garing afknip nie.

Omranding: (3kb in hoek-sp, 2kb in elk van vlg 5 sps, 5kb in vlg hoek-sp, 2kb in elk van vlg 7 sps, 2kb in hoek-sp) 2 keer, gs in 1e kb.

2e rondte: [(1kb, 8ks, 1kb) in hoek-st (d.w.s. middelste kb van hoek-sp), 6ks, slaan 4kb oor, (1kb, 6ks, 1kb) in vlg kb, 6 ks slaan 5kb oor, (1kb, 6ks, 1kb) in vlg kb, 6ks, (1kb, 8ks, 1kb) in middelste kb van hoek-sp, 6ks, slaan 6kb oor, (1kb, 6ks, 1kb) in vlg kb, 6ks, slaan 5kb oor, (1kb, 6ks, 1kb) in vlg kb, 6ks] 2 keer, gs in 1e kb.

3e rondte: *[(2kb, 3ks) 3 keer, plus 2kb] in hoek-sp (d.w.s. 3 picot gevorm); [6kb in vlg ls, (1kb, 3ks) 3 keer plus 1kb in vlg ls] 2 keer, 6kb in vlg ls; herh vanaf * nog 3 keer, gs in 1e kb. Knip garing af.

AFWERKING: Werk motiewe aanmekaar by middelste picots aan sykante en by vier picots wat by hoeke van 4 motiewe bymekaarkom.

Een vierkant word ook onder die arm ingepas om 'n insetsel te vorm. Werk 2 kante van insetsel aan twee kante van voorpant.

'n Mooi
verskeidenheid

1 Pure guipure

motiewe en die ander twee kante op dieselfde manier aan agterpantmotiewe vas — raadpleeg diagram. Werk sy- en mounate toe.

OMRANDING: Hekel oor voorpantrande, halsrand en onderste rand van baadjie soos volg: met Rk voor, heg garing aan middelste picot van 'n motief vas; *6ks, 1kb in middelste van vlg picot, herh vanaf *, eindig met 'n.gs in 1e kb. Wanneer twee middelpicots saamgevoeg is, soos by hoeke van motiewe, moet die kb in die picots aan sykante gehekel word.

Vlg ry: 6kb in elke lus, gs in 1e kb. Knip garing af en werk netjies af.

2 Hekel diertjies op sy bors


BENODIGDHEDE: 100g wit Tridalia Nr. 5: vir twee borslappe (50g-bolle); 'n paar gram elk groen en oranje vir skilpad; 'n paar gram elk blou en oranje vir vlinder; hekelpen van 2,50 mm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; st(e) - steek (steke); beg - begin; herh - herhaal; krap-st - krapsteek (= hekel kortbeen van links na regs); vlg - volgende.

BORSLAP (Hekel 2): Hekel 61ks met wit. 1e ry: Beg in 3e ks vanaf hekelpen en hekel 1kb in elke ks tot einde.

2e ry: 1ks, 1kb in elke st in vorige ry tot einde.

Herh 2e ry tot borslap 22 cm lank is vanaf



2 Hekel diertjies op sy bors



beg.

Hals- en skouervorming: Hekel kb heen en weer oor eerste 20kb, 6 cm lank vir eerste skouer. Knip garing af en werk netjies af.

2e skouer: Heg garing aan teenoorgestelde rand van borslap vas en voltooi soos eerste skouer oor 20kb. Knip garing af en werk netjies af.

Hekel een rondte krap-st al met rand van borslap langs.

SKILPAD: Dop: Hekel kb heen en weer in die volgende kleurvolgorde: 2 rye oranje, 6 rye groen, 2 rye oranje en 4 rye groen.

Beg met oranje en hekel 26ks.

1e ry: Hou kleurvolgorde deurlopend, beg in 3e ks vanaf hekelpen en hekel kb tot einde — 25kb.

Verminder 1kb in elk van vlg 15 rye soos volg: 1ks, slaan 1e kb oor, hekel kb tot einde van ry — 11kb bly oor.

Knip garing af en werk netjies af.

Voete (2): Draai werk onderstebo, heg groen garing aan basis van ks-ry in 4e ks vanaf syrand vas. Hekel 6kb, draai.

2e ry: 1ks, slaan 1e kb oor en hekel kb in elke kb tot einde van ry, draai.

3e ry: Soos 2e ry.

Knip garing af en werk netjies af.

Slaan 7 basis-ks oor, heg groen weer vas en hekel tweede voet soos eerste.

Kop: Heg groen aan syrand van dop in 1e ry vas en hekel 4kb aan syrand, draai werk.

1e ry: 1ks, 2kb in elke kb — 8kb.

2e en 3e ry: 1ks, kb in elke kb tot einde van ry.

4e-6e ry: 1ks, slaan 1 st oor en hekel kb tot

einde van ry.

Knip garing af en werk netjies af.

Ovaal motief (Hekel 7): Hekel 9ks met groen.

1e ry: Beg in 3e ks vanaf hekelpen en hekel kb tot einde — 8kb.

2e en 3e ry: 1ks, 2kb in eerste st, kb tot laaste st, 2kb in laaste st.

4e, 5e en 6e ry: Beg in 2e st en hekel kb tot einde.

Hekel 1 rondte kb al met rand van motief langs. Knip af en werk af.

Vlinder: Vlerkies (2): Hekel 20ks met blou.

1e ry: Beg in 3e ks vanaf hekelpen en hekel kb tot einde.

Al die daaropvolgende rye: 1ks, beg in 3e st en hekel kb tot einde van ry.

Hekel voort met verminderings tot 1 st oorbly. Knip af en werk netjies af.

Lyf: Hekel 19ks met oranje.

1e ry: Beg in 3e ks vanaf hekelpen en hekel kb tot einde.

2e-4e ry: 1ks, kb in elke kb tot einde van ry.

Knip garing af en werk af.

Ovaal motief (Hekel 4 oranje en 4 blou): Hekel 6ks, draai.


1e ry: Beg in 3e ks vanaf hekelpen en hekel kb in elke ks tot einde.

2e en 3e ry: 2ks, 1kb in elke st tot tweede laaste st, 2kb in laaste st.

4e ry: 1ks, 1kb in elke st tot einde.

5e en 6e ry: 1ks, beg in 2e st en hekel 1kb in elke st tot einde.

7e ry: Soos 4e ry. Hekel 1 rondte kb al met rand van motief langs. Knip garing af en werk netjies af.



VAN BLADSY 81

AFWERKING: Bandjies (2): Hekel 36ks met wit en hekel ketting vas met 'n glipsteek aan halsrand, draai. Hekel 1kb in elke ks van basis-ry, knip garing af en werk netjies af. Hekel 'n paar sentimeter ks vir elke voeler en werk in posisie vas. Raadpleeg foto vir posisie van verskillende motiewe en werk hulle met naald en garing vas. By borslap met skilpad werk 5 ovaal motiewe 'n paar sentimeter van basis-ry af vas en 'n ovaal motief by elke skouer.

3 Wit en fyntjies

BENODIGDHEDE: Twilleys Handicraft Cotton Nr. 2 (100-g string). **Toppie:** 2 stringe. **Bolero:** 3 stringe. Hekelpen van 2 mm en 3,50 mm vir toppie en 3 mm en 3,50 mm vir bolero.

MATE: Toppie en bolero: Om borsmaat van 76(81; 86; 91; 97; 102) cm te pas; lengte van toppie van halsrand tot onder 23(25; 26; 28; 29; 31) cm; lengte van bolero 41(43; 46; 48; 51; 53) cm.

SPANNING: 22 langbene en 12 rye = 10 x 10 cm.

AFKORTINGS: ks kettingsteek; kb kortbeen; lb langbeen; st(e) steek (steke); sp(s) spatie (spaties); tes tesame; herh herhaal; sk(e) skulp (skulpe) (= soveel langbene soos gemeld in dieselfde steek); tr(s) trossie (trossies) (= soveel langbene soos gemeld saam deurgetrek); RK regte kant; VK verkeerde kant; weersk weerskante; gs glipsteek.

Let Wel: 3 kettingsteke vervang altyd die eerste langbeen in 'n ry.

TOPPIE

AGTER- EN VOORPANT (eenders): Hekel 83(89; 95; 101; 107; 113)ks met hekelpen van 3,50 mm.

Basisry: 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in elke ks tot einde, draai.

Vlg ry: 3ks, 1lb in elke lb tot einde — 81(87; 93; 99; 105; 111)lb, draai.

Herhaal dié ry nog 16(18; 20; 22; 24; 26) keer.

Vlg (vermin) ry: 3ks, 1lb in vlg 6(7; 7; 8; 8; 9)lb, 2lb tr, *1lb in vlg 11(12; 13; 14; 15; 16)lb, 2lb tr; herh van * 4 keer, 1lb in elke lb tot einde, draai.

Vlg ry: 1lb in elke lb tot einde, draai.

Vlg (vermin) ry: 3ks, 1lb in vlg 6(6; 7; 7; 8; 8)lb, 2lb tr, *1lb in vlg 10(11; 12; 13; 14; 15)lb, 2lb tr; herh van * 4 keer, 1lb in elke lb tot einde.

Knip garing af en werk netjies af.

MIDDELBOORD: Werk synate toe. Heg garing met 3,50-mm hekelpen by synaat vas en hekel 57(60; 63; 66; 69; 72) 4ks-sps eweredig gespaseer oor onderste rand, gs in 1e kb.

Vlg rondte: gs tot middel van vlg sp, 1kb in dié sp, *(3lb in vlg kb — d.w.s., kb tussen ks-sps — 1kb in middel van vlg ks-sp) 2 keer, 4ks, 1kb in middel van vlg ks-sp; herh van * tot * tot laaste 2 ks-sps, eindig met (3lb in vlg kb, 1kb in middel van vlg ks-sp) 2 keer, 4ks, gs in 1e kb.

Vlg rondte: gs tot middel van vlg 3lb-sk, 1kb in middelste lb, *5lb in vlg kb, 1kb in middelste lb van vlg 3lb-sk, 4ks, 1kb in vlg ks-sp, 4ks, 1kb in middel van vlg 3lb-sk; herh van *, eindig laaste herh deur „1kb in middel van vlg 3lb-sk“ weg te laat en 'n gs in 1e kb te hekel.

Vlg rondte: gs tot middel van 5lb sk, 1kb in middelste lb, 3ks, 1kb in vlg ks-sp, 3ks, *1kb in vlg ks-sp, 3ks, 1kb in middel van vlg 5lb sk, 3ks, 1kb in vlg ks-sp, 3ks; herh van * tot laaste ks-sp, 1kb in laaste ks-sp, 3ks, gs in 1e kb. Knip garing af en heg af.

BOONSTE RANDJIE: Hekel 'n rand met 2 mm hekelpen soos uiteengesit vir middelboord, maar begin met 48(51; 54; 57; 60; 63) 4ks-sps.

Moenie die garing afknip nie en moenie draai nie, maar hekel 2kb in elke ks-sp, van links na regs, om 'n koordjie afwerking aan boonste rand te gee. Knip garing aan einde van dié rondte af en werk netjies af.

SKOUEBANDJIES (2): Ongeveer 38(38; 40; 40; 42; 42) cm lank.

Hekel 85(85; 90; 90; 95; 95)ks met 3,50 mm hekelpen.

Vlg ry: 1 lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in elke ks tot einde, draai en hekel 1 ry kb van links na regs aan albei kante om 'n koordjie afwerking te verkry. Knip garing af en werk skouerbandjies in posisie vas.

KOORDJIE: Gebruik garing vyfdubbel en draai 'n koordjie so lank soos benodig. Ryg koordjie deur gaatjies by middeltye en strik vas.

BOLERO

HOOFDEEL (Word van halsrand af na onder gehekel): Hekel 73(79; 85; 91; 97; 103)ks (lossies) vir halsrand.

1e ry: 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 3lb sk in vlg ks, *1lb in vlg 16(18; 20; 22; 24; 26)ks, 1sk in vlg ks; 1lb in vlg 32(34; 36; 38; 40; 42)ks, 1sk in vlg ks; herh van * tot *, 2lb in laaste ks — 80(86; 92; 98; 104; 110)lb, draai.

2e ry: 3ks, 1lb in dieselfde st, *1lb in elke lb tot middel van vlg sk, 1sk in middel van dié sk; herh van * 3 keer, 1lb in elke lb tot laaste st, 2lb in bopunt van 3ks, draai (daar word dus 10 lb in dié ry vermeerder).

Herh 2e ry 12(13; 14; 15; 16; 17) keer; aan einde van laaste ry moet daar 210(226; 242; 258; 274; 290) ste wees.

Vlg ry: Herh 2e ry, maar hekel 5lb vir elke ks — 228(244; 260; 276; 292; 308) ste.

Verdeel vir mousgate: **Vlg ry:** 3ks, *1lb in elke lb tot middel van vlg sk, 1(2; 3; 4; 5; 6)ks*, slaan al die ste tot middelste lb van vlg sk oor, herh van * tot * een keer, 1lb in elke lb tot einde, hekel laaste lb in bopunt van 3ks, draai.

Vlg ry: 3ks, 1lb in elke lb en ks tot einde, draai.


Vlg ry: Deurgaans lb, maar vermeer 8(9; 10; 11; 12; 13) ste eweredig gespaseer oor dié ry — 144(154; 164; 174; 184; 194)lb, draai.

Vermin-ry: 3ks, 2lb tr, hekel lb tot laaste 3 ste, 3lb tr, draai.

Herh vermin-ry nog 3 keer, maar moenie

1 Pure
guipure

DIAGRAM: S6 word motiewe saamgevoeg



die garing afknip nie.

OMRANDING: Slaan oor na 3-mm-hekel pen en hekel, met RK voor, een rondte kb wat eweredig gespasieer, en 'n veelvoud van 9 ste is en eindig met gs in 1e kb.

1e rondte: 1kb in 1e kb, 4ks, slaan 2kb oor, *1kb in vlg kb, 4ks, slaan 2kb oor; herh van * tot einde, gs in 1e kb.

2e rondte: gs tot middel van vlg ks-sp, 1kb in dié sp, *3lb-sk in vlg kb, 1kb in middel van vlg ks-sp; 2 keer, 4ks, 1kb in middel van vlg ks-sp; herh van * tot * tot laaste 2ks-sp, eindig met (3lb in vlg kb, 1kb in middel van vlg ks-sp) 2 keer, 4ks, gs in 1e kb.

3e rondte: gs tot middel van 3lb-sk, 1kb in middelste lb van dié sk, *5lb-sk in vlg kb, 1kb in middelste lb van vlg 3lb-sk, 4ks, 1kb in vlg ks-sp, 4ks, 1kb in middel van vlg 3lb-sk; herh van * tot * maar eindig laaste herh deur 1kb in middel van 3lb-sk weg te laat en gs in 1e kb.

4e rondte: gs tot middel van vlg 5lb-sk, 1kb in middelste lb, 3ks, 1kb in vlg ks-sp, *3ks, 1kb in vlg ks-sp, 3ks, 1kb in middel van vlg 5lb-sk, 3ks, 1lb in vlg ks-sp; herh van * tot laaste ks-sp, 3ks, 1kb in laaste ks-sp, 3ks, gs in 1e kb.

Knip garing af en werk netjies af.

MOUE (2): Met VK voor, en 3,50-mm-hekelpen, heg garing met 3ks aan middelste st van mousgat (= onder arm) vas en hekel 54(54; 63; 63; 72; 72)lb, eweredig gespasieer en vermeer of verminder waar nodig, gs in bopunt van 3ks.

Vlg rondte: Deurgaans lb.

Slaan oor na 3-mm-hekelpen en hekel 'n randjie soos uiteengesit vir toppie. Knip garing af en werk netjies af.

Gesonde pragtige hare!

DRALLE HAAROPKNAPPERS
Vervolmaak deur een van Europa se vernaamste Haarkosmetiek-huise om nuwe lewe, glans en volheid in dowwe, droë of beskadigde hare te sit.

NOW IN
• **BALSAM** vir alledaagse gebruik
• **KOLLAGEN** vir droë hare
• **KRUSE** vir olierige hare
• **OLIE** met nuwe BYPASSERDE SJAMPOR



Registrasienommer P/13.4.2/115. Samestelling: Elke 100-g-aërosol bevat 0.660 g bioalietrien en 2.640 g piperonielbutoksied as die aktiewe bestanddele.

GESPESIALISEERDE BEHANDELING TEEN LUISE

Moenie dat luise weer oorneem soos onlangs in skole gebeur het nie. Hou hulle uit almal se hare met Para Spesiale Luissproei. Die enigste voorkomende en bestrydende behandeling wat daar is.

Para Spesiale Luissproei kom in 'n aërosolblik wat 60 voorkomende of 35 bestrydende behandelings bevat. Elke voorkomende behandeling gee 72 uur (drie dae) algehele beskerming. Meer as genoeg vir die hele gesin.

Beskerm hulle met hierdie dodelike wapen. En help om die luisoorlog te wen.

PARA
SPECIAL LICE SPRAY

VANDAG SE DOELTREFFENDSTE
MANIER OM LUISE TE
VOORKOM EN TE ELIMINEER

By alle voorraanstaande apteke.



'n Pruik wat Natuurlik Lyk!

Stuur die koepoon om 'n GRATIS KATALOGUS van die wêreld se mees vleierende pruuke.



- 19 Pragtige style — 28 kleure
 - Self-in-styl, maklik beheerbaar
 - Liggewig, koel, gemaklik
- 'n Amptelike haarstyl binne minute. Dit lyk soos... selfs jou vriende sal nie weet nie!

Ons Waarborg Dit!

FASCINATIONS

Voortrekkerweg 189A

Vasco 7460, Tel (021) 591-3144

NAAM

ADRES

CODE

/R